


Helpmekaar Kollege
NUUSBRIEF 34

28 November 2023



GRAAD 9'S VOEG DIE DAAD BY DIE WOORD

Die graad 9's het die afgelope twee dae halt geroep met die eksamen en hul deel gedoen om **DIE AARDE TE RED** deur vir die dag hul hande en harte oop te maak en **HARD TE WERK** toe hulle Maandag met komberse en kos by CLAW aangemeld het. Hier het hulle die heeldag gehelp om die tuine mooi te maak, die geboue op te knap en die honde te versorg.



Vandag kon hulle **HAPPINESS** beleef deur net kind te wees, pret te hê en te weet **EK IS GENOEG!**


Vroegoggend het hulle mnr. Devon se afsluiting in die koshuistuin met bubble tea en cupcakes gehou.

Hierna het Minette Dempsey met hulle gesels oor hoe om goeie keuses te maak, denkpatrone en Helpie-wees!

Hotdogs, volleyball, foozeball, water slides en 'n skuimswembad was volgende op die lys.

Die dag is afgesluit met 'n pool party en mnr. Devon se 80s playlist.

**Loer
gerus
hier**



Snel op pad met solar

Ons is opgewonde oor die 360 solar-panele wat die afgelope paar dae op die pawiljoen se dak geïnstalleer is.

Volgende week is dit *DI Hub* se beurt.

Oor twee maande is Helpmekaar *off the grid!*




Volgende paar dae:

Woensdag, 29 November

- Studiedag vir Graad 9.
- Graad 8, 10 en 11 se eksamen maak klaar.
- Alle leerders is welkom om vanaf 10:30 - 11:30 deur hulle antwoordstelle te kyk in hul betrokke onnies se klaskamers.
- Graad 8, 10 en 11 ontvang hul fotobestellings na afloop van eksamenvraestel.

Donderdag, 30 November

- Graad 8-kamp skop af.
- Graad 10 + 11 vertrek op hul onderskeie graadtoere.



- Graad 9 skryf eksamen en ontvang fotobestellings na afloop van die vraestel.

Vrydag, 1 Desember

- Graad 8-kamp: Dag 2
- Graad 9-eksamen eindig.



Woensdag, 6 Desember

- Rapporte elektronies beskikbaar.
- Volledige, laaste nuusbrieff van 2023 word uitgestuur.

Almal wil
in **HELPIE**
wees! !

